

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA	DATUM 2018/02/12		DATUM 2018/02/09		+ - WEEK GELEDE 2018/02/05		+ - MAAND GELEDE 2018/01/15		+ - JAAR GELEDE 2017/02/13	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	63.39	-0.99	-1.5%	64.38	-6.6%	67.87	-9.2%	69.80	-13.7%	55.74
US\$: ? ZAR	11.96	0.000	0.0%	11.96	0.6%	12.03	-5.1%	12.34	-9.9%	13.28
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 723.27	9	0.5%	R 1 713.86	* CBOT Mrt sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Mrt +12:00 die vorige dag					
ACBOT 8vm : 12nm*	R 2 008.31	22	1.1%	R 1 986.34	* CBOT Mrt sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Mrt +12:00 die vorige dag					
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 390.15	66	1.5%	R 4 324.23	* CBOT Mrt sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Mrt +12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Mar '18	366.00	2.00	0.5%	364.00	1%	361.00	6%	346.00	-10%	407.50
Wheat Mar '18	457.00	5.00	1.1%	452.00	2%	446.00	9%	420.00	-12%	519.25
Soybean Mar '18	999.00	15.00	1.5%	984.00	2%	978.00	6%	944.00	-3%	1028.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Mrt '18	3000.00	0	0.0%	3000.00	0.7%	2980.00	5.3%	2850.00		NA
WMAZ SPOT	1827.00	2	0.1%	1825.00	1.2%	1805.00	-0.1%	2032.00	-5.4%	2830
WMAZ Jul '18	1948.00	1	0.1%	1947.00	1.3%	1923.00	-0.2%	2170.00	-5.5%	2305
YMAZ SPOT	1915.00	1	0.1%	1914.00	0.8%	1900.00	-5.2%	2019.00	-1.1%	2780
YMAZ Jul '18	2013.00	9	0.4%	2004.00	1.3%	1988.00	-5.0%	2120.00	-2.5%	2300
SOY 50 SPOT	4477.00	-4	-0.1%	4481.00	2.4%	4370.00	-2.2%	4576.00	-0.4%	6435
SOY May '18	4596.00	2	0.0%	4594.00	2.3%	4491.00	-0.5%	4621.00	-0.0%	5746
SUN SPOT	4665.00	45	1.0%	4620.00	0.2%	4658.00	-2.3%	4775.00	-0.2%	5195
SUN May '18	4728.00	44	0.9%	4684.00	0.6%	4700.00	-0.1%	4734.00	-0.8%	5300
WHEAT Spot	3630.00	-3	-0.1%	3633.00	2.5%	3542.00	-0.6%	3652.00	-9.5%	4009
WHEAT Mar '18	3652.00	0	0.0%	3652.00	1.8%	3586.00	-1.7%	3716.00	-9.2%	4024
OLIESADE (US\$/ton)	2018/02/09	Bron: Oilworld			2018/02/02	2017/11/13		2016/12/12		
Soya-oil, Arg.	762				-2%	774	-1%	769	13%	676
Soya-pell, Arg.	383				5%	366	13%	339	4%	368
Soybean, Brazil	415				0%	413	1%	410	1%	410
USA Runner 40/50	1200				0%	1200	-25%	1600	-8%	1300
Sun-oil, Arg.	745				0%	745	-1%	755	-7%	800
Sun-oil, Black Sea	760				0%	760	1%	750	1%	750
Sunseed,Black Sea	375				0%	375	-6%	400	-8%	409
Rapeseed, EU cif	423				-2%	430	0%	425	6%	399
Palmk oil Mal, EU	1130				-7%	1215	-23%	1470	9%	1037

JONGSTE MARK INLICHTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die internasionale sojaboonpryse is tans vasgevang tussen 'n reeks bulmark en beermark faktore met redelike groot onsekerhede watter een in die kort tot medium termyn die hoogste voorrang gaan geniet. Van die bulmark faktore tans in die mark, word verwag dat die Argentynse sojaboonproduksie vir die seisoen aansienlik laer gaan wees as verlede seisoen se produksie, as gevolg van die ongunstige weerstoestande wat tans daar heers oor groot gedeeltes van die land se produksie areas. Die kleiner as verwagte produksie kan lei tot laer beskikbare uitvoerbare voorraad van sojaboon oliekoek en die tekortkoming in die Argentynse voorraad van die oliekoek kan slegs gedeeltelik verhaal word vanaf die ander bestemmings. In sommige areas van Brasilië is daar tans 'n oormaat reën en die nat toestande belemmer die stroopproses en die verwagting in die mark is dat die stroopproses vertraag sal word daardeur en die kwaliteit moontlik laer kan wees in hierdie gedeeltes se produksie. Die beermark faktore wat tans in die mark is, sluit die Brasiliaanse produksie vir die seisoen in, wat weer goed lyk en die verwagting is dat die seisoen se produksie tussen ongeveer 110 en 113 miljoen ton kan beloop vir die seisoen. In die USA is die uitvoere wat vir die seisoen tot dusver plaasgevind het laer as wat die verwagtinge was en daar kan moontlik 'n regstelling gemaak word in die Amerikaanse voorraadvlakke en dit kan selfs hoër aangepas word in die volgende skatting. Daar is ook tans heelwat onsekerhede rakende die Amerikaanse sojaboon uitvoere na China met die Chinese Regering wat aangekondig het dat hulle teen storting maatstawwe sal ondersoek teen invoere van Amerikaanse sojabone. Dit is tans baie onseker of dit egter sal deurgaans aangesien China steeds baie afhanklik is van Amerikaanse sojabone om aan hul totale invoervraag te voldoen. Die sojaboonoliepryse het ook verswak in vergelyking met die sojaboonmeelpryse, hoofsaaklik as gevolg van die afname in die vraag na sojaboonolie in die internasionale konteks. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Plaaslik hou die meeste rolspelers in die mark ook maar steeds die weerstoestande en reënval dop vir die seisoen se produksieverwagtinge.

Sonneblomsaad: In die Oekraïne het die hoeveelheid sonneblomme wat jaar op jaar gepers is vir olie en oliekoek verlaag en die laer olie inhoud van hierdie seisoen se sonneblomsaad het die voorraadvlakke van olie jaar op jaar laat afneem in Januarie. Daar was ook relatief groot hoeveelhede sonneblomolie uitgevoer vanaf Rusland wat die olie uitvoere vanaf die Oekraïne onder druk geplaas het, terwyl die oliekoek uitvoere vanaf die Oekraïne skerp toegeneem het. In Kazakstan het die produksie van die grootste oliesade goeie toenames getoon en dit het 'n nuwe hoogtepunt van ongeveer 2.3 miljoen ton bereik in 2017 en Kazakstan het oor die afgelope paar jaar 'n belangrike verskaffer van veral sonneblomsaad in die wêreld markte geraak. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaadmark het verlede week hoofsaaklik gemeng verhandel, maar het sterker verhandel nader aan die einde van die week om Vrydag hoër af te sluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die laat reën in die westelike gedeeltes van die land het die produsente die kans gebied om nog sonneblomme aan te plant en die verwagtinge is dat die sonneblomsaad hektare wat aangeplant is, hoër aangepas sal word vanaf die NOK se voorlopige aanplantings syfers.

Canola: Die wêreld uitvoere van raapsaad en canola het ongewoon hoog gebly teen die einde van 2017, hoofsaaklik gedrewe deur die invoerbehoefte van die grootste verwerkende lande soos China, Meksiko, Japan en die EU. Die Canadese canola uitvoere het die verwagtinge in die mark gedurende Desember 2017 oortref en was hoër as die uitvoere wat 'n jaar gelede gesien was. Die Australiese canola uitvoere het aanvanklik in die seisoen stadig begin, maar die tempo van die uitvoere het aansienlik begin toeneem soos die seisoen gevorder het en die produksie het beter as die verwagtinge uitgedraai. **Plaaslik:** In die NOK se 6de produksieskatting van wintergrane vir die seisoen, is die canola produksie vir die seisoen effens hoër aangepas vanaf die vorige skatting en word dit nou op 93 468 ton geskat.

Grondbone: In die sentrale gedeeltes van Argentinië se grootste grondboon producerende streke heers daar tans baie droë toestande wat nie gunstig is vir die produksie nie, terwyl die grondboon toestande in die meer suidelike gedeeltes van die land steeds goed lyk. Die grondboon aanplantings in Argentinië was teen middel Januarie voltooi en daar is ongeveer 12% meer hektare aangeplant as verlede seisoen. Ten spyte van verlede seisoen se rekord produksie in Argentinië, was die uitvoere ongeveer 13% laer as gevolg van die vertraging in die stroopproses. In die USA het die hoeveelheid grondbone wat gepers word vir olie en oliekoek, met ongeveer 17% gedaal vir die seisoen vanaf die vorige seisoen se ongewone hoë hoeveelhede wat gepers was. **Plaaslik:** In die NOK se voorlopige oppervlakte aangeplante verslag, is die grondboon oppervlakte vir die seisoen op 53 000 hektare geskat. Dit is aansienlik laer as die voorneme om te plant, wat ongeveer 65 500 hektare was teenoor verlede seisoen se aanplantings van 56 000 hektare.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grains.co.za